**eduresourceza.com**

Downloaded from eduresourceza.com


basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN/ NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

## WISKUNDIGE GELETTERDHEID V1

## MEI/JUNIE 2024

**PUNTE: 150**

**TYD: 3 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 14 bladsye, 'n ANTWOORDBLAD en 'n addendum met 2 bylaes.**

Kopiereg voorbehou
Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com


## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit VYF vrae. Beantwoord AL die vrae.

2. Gebruik die BYLAES in die ADDENDUM om die volgende vrae te beantwoord:

    - BYLAE A vir VRAAG 2.1
    - BYLAE B vir VRAAG 4.2

3. Gebruik die aangehegte ANTWOORDBLAD om VRAAG 3.2 te beantwoord.

4. Skryf jou sentrumnommer en eksamennommer in die ruimtes wat op die ANTWOORDBLAD voorsien is. Lewer die ANTWOORDBLAD saam met jou ANTWOORDEBOEK in.

5. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

6. Begin ELKE vraag op 'n NUWE bladsy.

7. Jy mag 'n goedgekeurde sakrekenaar (nieprogrammeerbaar en niegrafies) gebruik, tensy anders aangedui.

8. Toon ALLE bewerkings duidelik.

9. Rond ALLE finale antwoorde toepaslik volgens die gegewe konteks af, tensy anders vermeld.

10. Dui meeteenhede aan, waar van toepassing.

11. Diagramme is NIE noodwendig volgens skaal geteken NIE, tensy anders vermeld.

12. Skryf netjies en leesbaar.


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com


## VRAAG 1

1.1 Die grafiek hieronder toon die getal mense van vier Afrikalande wat Suid-Afrika (SA) om verskeie redes besoek.

**GETAL MENSE PER LAND WAT SUID-AFRIKA OM VERSKEIE REDES BESOEK**




[Aangepas uit www.statssa.gov.za]

Gebruik die grafiek om die vrae wat volg, te beantwoord.

1.1.1 Noem die land met die kleinste getal mense wat SA vir besigheid besoek. (2)

1.1.2 Identifiseer die lande wat dieselfde getal mense het wat SA vir studiedoeleindes besoek. (3)

1.1.3 Skryf die land neer wat die grootste verskil in mense het wat vir besigheid na SA reis in vergelyking met diegene wat vir vakansie na SA reis. (2)

1.1.4 Bereken die totale getal mense wat SA vir studiedoeleindes besoek. (3)

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com


1.2 Samuel is op 'n besigheidsreis in Suid-Afrika. Hy is ingelig dat een van die top tien items wat mense koop as hulle Suid-Afrika besoek, rooibostee is.

TABEL 1 hieronder toon pryse, BTW ingesluit, van enkele rooibostee-items wat by 'n plaaslike toeristewinkel uitgestal word.

**TABEL 1: PRYSE, BTW INGESLUIT, VAN ENKELE ROOIBOSTEE-ITEMS**

| ITEM | BESKRYWING | PRYS |
|---|---|---|
| **A** | Rooibos-teeblik met 20 teesakkies | R40,00 |
| **B** | Rooibos-teeblik met 40 teesakkies | R50,00 |
| **C** | Rooibos-Goddess-blik met 50 piramiede-teesakkies | R100,00 |
| **D** | Teepot | R185,00 |
| **E** | Geskenksakkie | R16,00 |

[Aangepas uit www.houseofrooibos]

Gebruik TABEL 1 om die vrae wat volg, te beantwoord.

1.2.1 Bepaal die prys van EEN teesakkie indien Samuel item **B** koop. (2)

1.2.2 Skryf, as 'n vereenvoudigde verhouding, die prys van item **D** tot die prys van item **C**. (3)

1.2.3 Samuel het besluit om die volgende items vir sy vrou te koop:

- Teepot
- Rooibos-Goddess-blik met 50 piramiede-teesakkies
- Geskenksakkie

Bepaal die totale koste van sy kopie. (3)

1.3 Toeriste wat Suid-Afrika besoek, moet hulle plaaslike geldeenheid na Suid-Afrikaanse rand (ZAR) omskakel.

TABEL 2 hieronder toon die geldeenheid-omskakelingsfaktore vir vier Afrikalande soos op 27/04/2023.

**TABEL 2: GELDEENHEID-OMSKAKELINGSFAKTORE VIR VIER AFRIKALANDE SOOS OP 27/04/2023**

| GELDEENHEID | EENHEDE PER ZAR | ZAR PER EENHEID |
|---|---|---|
| Malawiese kwacha (MWK) | 56,211355 | 0,017790 |
| Keniaanse sjieling (KES) | 7,443462 | 0,134346 |
| Namibiese dollar (NAD) | 1,000000 | 1,000000 |
| Zambiese kwacha (ZMW) | 0,971016 | 1,029850 |

[Adapted from www.xe.com/currencyconverter]

Gebruik TABEL 2 om die vrae wat volg, te beantwoord.

1.3.1 Skryf die land neer waarvan die geldeenheid dieselfde waarde as die SA rand het. (2)

1.3.2 Identifiseer die geldeenheid wat sterker as die SA rand is. (2)

1.3.3 Toon hoe die Malawiese kwacha van 0,017790 ZAR per eenheid bereken is. (2)

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com



1.4 TABEL 3 hieronder toon die data wat betrekking het op die aankoms, vertrek en deurgang van plaaslike en buitelandse reisigers. Hierdie data is deur die Departement van Binnelandse Sake ingesamel by die binnekomshawe en uitgangshawe na en van Suid-Afrika vir drie geselekteerde maande. 'n Waarde (**P**) in hierdie tabel is uitgelaat.

**TABEL 3: DATA MET BETREKKING TOT GETAL PLAASLIKE EN BUITELANDSE REISIGERS**

| REISIGERS | GETAL REISIGERS | | |
|---|---|---|---|
| | **Februarie 2021** | **Januarie 2022** | **Februarie 2022** |
| **Plaaslike Reisigers** | **131 693** | **399 936** | **359 686** |
| Aankoms | 64 943 | 221 890 | 173 089 |
| Vertrek | 66 694 | 177 890 | 186 410 |
| Deurgang | 56 | 156 | 187 |
| **Buitelandse Reisigers** | **254 139** | **801 711** | **745 999** |
| Aankoms | 136 510 | 480 117 | 398 619 |
| Vertrek | 114 436 | 310 131 | 333 057 |
| Deurgang | 3 193 | 11 463 | 14 323 |
| **TOTALE REISIGERS** | **P** | **1 201 647** | **1 105 685** |

[Aangepas uit www.statssa.gov.za]

**LET WEL:** 'Deurgang' verwys na reisigers wat minder as 24 uur by 'n lughawe bly op pad na hulle bestemming.

Gebruik TABEL 3 en die inligting hierbo om die vrae wat volg, te beantwoord.

1.4.1 Skryf, in woorde sonder getalle, die totale getal reisigers vir Februarie 2022 neer. (2)

1.4.2 Bepaal ontbrekende waarde **P**. (2)

1.4.3 Bereken die toename in die getal plaaslike reisigers vanaf Februarie 2021 tot Februarie 2022. (2)

1.4.4 Noem die maand en die jaar waarin die grootste getal buitelandse reisigers onderweg was (deurgang). (2)

**[32]**

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com


## VRAAG 2

2.1

| |
|---|
| Mnr. Warren Heyns het sy Titanium-kredietkaartstaat vir sy rekening by Standard Bank ontvang, gedateer 9 September 2023.<br><br>BYLAE A toon 'n aangepaste staat van mnr. Warren Heyns se kredietkaartrekening. |

Gebruik BYLAE A om die vrae wat volg, te beantwoord.

2.1.1 Skryf die bedrag neer wat mnr. Heyns gedurende September 2023 aan Standard Bank betaal het. (2)

2.1.2 Gee EEN geldige rede hoekom sommige nommers uit die rekeningnommer weggelaat is. (2)

2.1.3 Uitstaande magtiging verwys na aankope wat nog gefinaliseer moet word.

Toon, deur middel van berekeninge, hoe die bedrag van R8 323,78 vir beskikbare geld om te spandeer, bereken is. (3)

2.1.4 Die bedrag wat op 12/08/2023 aan Caltex betaal is, was vir 54,1365 liter petrol.

Bereken die prys per liter petrol op daardie spesifieke dag. (3)

2.1.5 Die aankoop by die Pro Shop op 24/08/2023 was vir 'n Rovic RV2-gholf-stootkarretjie teen 'n afslagprys.

Indien afslag van 17,5% gegee is op die prys wat betaal is, bereken die oorspronklike prys van die Rovic RV2-gholf-stootkarretjie. (4)

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com


2.2 Die Bay-gholfklub gebruik 'n gholfbaan wat in Engeland geleë is.

TABEL 4 hieronder toon die werklike en geprojekteerde bronne van inkomste in pond (£) van die Bay-gholfklub wat op vorige tendense van die inkomste vir die jare 2022 tot 2026 gebaseer is.

**TABEL 4: WERKLIKE EN GEPROJEKTEERDE BRONNE VAN INKOMSTE (IN £) VAN DIE BAY-GHOLFKLUB**

| BRONNE VAN INKOMSTE | FINANSIËLE JAAR | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| | **2022** | **2023** | **2024** | **2025** | **2026** |
| Ledegeld | 223 027 | 245 202 | 257 460 | 270 333 | 284 000 |
| Setperkfooie | 38 532 | 42 250 | 44 360 | 46 580 | 49 999 |
| Winkelverkope | 25 983 | 23 500 | **B** | 26 000 | 28 000 |
| Kroegverkope en -funksies | 95 209 | 100 000 | 103 000 | 106 000 | 110 000 |
| Toesluithokkies en losies van oop karretjies | 4 095 | 4 042 | 4 225 | 4 456 | 4 680 |
| Diverse inkomste | 2 107 | 2 500 | 2 500 | 2 500 | 2 500 |
| Toelaes | 7 500 | | | | |
| **Totale inkomste** | **396 453** | **417 494** | **...** | **455 869** | **479 179** |

[Aangepas uit (G&SBGC)-sakeplan]

Gebruik TABEL 4 om die vrae wat volg, te beantwoord.

2.2.1 Identifiseer die bron van inkomste waarvan daar verwag word om die tweede hoogste inkomste oor die jare te genereer. (2)

2.2.2 Die verhouding van die inkomste vir winkelverkope vir 2023 en 2024 word as 47 : 49 gegee.

Bepaal ontbrekende waarde **B**. (4)

2.2.3 Bereken die persentasie verandering in die totale werklike en geprojekteerde bronne van inkomste vanaf 2022 tot 2025. (5)

2.2.4 Volgens die webtuiste statista.com sal die geprojekteerde inflasiekoers vir 2025 en 2026 onderskeidelik met 1,82% en 2% styg.

'n Lid van die klub het gesê dat, indien die ledegeld volgens die geprojekteerde inflasie styg, die verskil tussen die geprojekteerde inflasiewaarde vir 2026 en die geprojekteerde tabelwaarde vir 2026 £16 611,31 sal wees.

Verifieer, met berekeninge, of die lid van die klub se stelling GELDIG is, of nie. (6)

**[31]**

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com


**VRAAG 3**

3.1 Personeel by openbare skole moet aan vasgestelde persentasies of breuke voldoen ten opsigte van die totale aantal weeklikse periodes, op hulle posvlak gebaseer.

Tabel 5 hieronder toon die geskeduleerde onderrigtyd per posvlak per tipe skool.

**TABEL 5: GESKEDULEERDE ONDERRIGTYD PER POSVLAK PER TIPE SKOOL**

| PERSONEEL | PRIMÊRE SKOOL (PS) | SEKONDÊRE SKOOL (SS) |
|---|---|---|
| Posvlak 1 (onderwyser) | Tussen 85% en 92% | Tussen 85% en 90% |
| Posvlak 2 (departementshoof) | Tussen 85% en 90% | 85% |
| Adjunkhoof | $\frac{3}{5}$ | $\frac{3}{5}$ |
| Skoolhoof | Tussen 10% en 92% | Tussen 5% en 60% |

[Aangepas uit www.gov.za]

Woodhill Sekondêre Skool (SS) het 'n rooster met 40 periodes per week. Hieronder getoon is die getal periodes per week wat aan hulle personeellede toegeken is. Die ontbrekende waarde, **D**, verteenwoordig die getal periodes wat deur die adjunkhoof onderrig word.

| | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 3 | **D** | 26 | 30 | 32 | 33 | 33 | 33 | 33 | 33 |
| 34 | 34 | 35 | 35 | 35 | 35 | 35 | 35 | 35 | 35 |
| 36 | 36 | 36 | 36 | 37 | 37 | 37 | 37 | 37 | |

Moloto Primêre Skool (PS) het 'n rooster met 37 periodes per week. Hieronder getoon is die getal periodes per week wat aan hulle personeel toegeken is.

| | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 10 | 23 | 25 | 27 | 27 | 29 | 29 |
| 29 | 29 | 30 | 30 | 30 | 30 | 30 |
| 31 | 31 | 31 | 32 | 32 | 32 | 34 |

[Aangepas uit www.asctimetables.com]

Gebruik TABEL 5 en die inligting hierbo om die vrae wat volg, te beantwoord.

3.1.1 Bepaal die getal personeellede by Woodhill SS. (2)

3.1.2 Skryf die modale getal periodes per week vir Moloto PS neer. (2)

3.1.3 Bereken ontbrekende waarde **D**. (3)

3.1.4 Ina het gesê dat, aangesien die berekende gemiddeld vir Woodhill SS 33 is, die mediaan 'n beter weerspieëling sal wees van die gemiddelde aantal periodes wat per personeellid onderrig word.

Regverdig Ina se bewering met berekeninge. (3)

3.1.5 Bepaal, as 'n breuk, die waarskynlikheid om willekeurig 'n personeellid by Moloto PS te kies wat 29 of meer periodes per week onderrig. (2)

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com


3.2 TABEL 6A hieronder toon die persentasies wat in Kwartaal 1 deur tien geselekteerde leerders van Woodhill SS vir Taak 1 en Taak 2 in Wiskundige Geletterdheid behaal is.

**TABEL 6A: PERSENTASIES WAT DEUR TIEN GESELEKTEERDE LEERDERS BEHAAL IS**

| LEERDER | A | B | C | D | E | F | G | H | I | J |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Taak 1 | 71 | 79 | 80 | 68 | 63 | 53 | 71 | 22 | 76 | 84 |
| Taak 2 | 53 | 69 | 53 | 49 | 50 | 47 | 61 | 15 | 47 | 81 |

[Aangepas uit oorspronklike puntestaat]

Die prestasies van Leerders **A** tot **J** is vir beide take op 'n grafiek op die gegewe ANTWOORDBLAD gestip.

Gebruik TABEL 6A en die grafiek op die ANTWOORDBLAD om die vrae wat volg, te bereken.

3.2.1 (a) Noem die tipe grafiek wat op die ANTWOORDBLAD getoon word. (2)

(b) Bereken die omvang van die persentasies wat vir Taak 2 behaal is. (3)

(c) Identifiseer die leerder wie se punte vir beide take as 'n uitskieter geklassifiseer kan word. Gee 'n rede vir jou antwoord. (4)

3.2.2 Die skool se vakbeleid sê dat die verskil tussen die gemiddeld van die twee take onder 15% moet wees.

Die gemiddeld vir Taak 1 is as 66,7% bereken.

'n Onderwyser beweer dat die verskil tussen die gemiddelde punt vir beide take binne die skool se vakbeleid val.

Verifieer, deur ALLE berekeninge te toon, of hierdie onderwyser se bewering GELDIG is. (5)

3.2.3 Die prestasies van twee ander geselekteerde leerders, **K** en **L**, is by TABEL 6A gevoeg om TABEL 6B te skep.

**TABEL 6B: PERSENTASIES WAT DEUR TWAALF GESELEKTEERDE LEERDERS BEHAAL IS**

| LEERDER | A | B | C | D | E | F | G | H | I | J | K | L |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Taak 1 | 71 | 79 | 80 | 68 | 63 | 53 | 71 | 22 | 76 | 84 | 68 | 88 |
| Taak 2 | 53 | 69 | 53 | 49 | 50 | 47 | 61 | 15 | 47 | 81 | 40 | 64 |

Gebruik die ANTWOORDBLAD wat verskaf is (waar die prestasies van Leerders **A** tot **J** vir beide take gestip is) om die uitslae van Leerder **K** en Leerder **L** vir beide take te stip. Gee duidelike byskrifte vir die gestipte punte, **K** en **L**. (4)

**[30]**

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com


**VRAAG 4**

4.1

Die fondsinsamelingskomitee van St Mark se Anglikaanse Kerk beplan 'n braai. By die braai sal borde kos verkoop word om fondse vir 'n nuwe kragopwekker in te samel. Elke bord kos sal vir R35 verkoop word.



Elke bord kos sal bestaan uit:

1 × tjop
1 × boerewors
1 × slaai en sous
1 × papierbord
1 × broodrolletjie – geen koste nie (skenking)

Hulle het 16,7 kg tjops en 13 kg boerewors by 'n plaaslike slaghuis gekoop, genoeg vir 200 borde kos.

Die normale prys van die vleisprodukte (in kg) wat gekoop is, word in TABEL 7 hieronder getoon.

**TABEL 7: NORMALE PRYS VAN VLEISPRODUKTE PER KG**

| VLEISPRODUKTE | PRENTJIE | PRYS/kg |
|---|---|---|
| Tjops |  | R149,95 |
| Boerewors |  | R99,99 |

[Aangepas uit www.fairfieldmeats.co.za]

Die fondsinsamelingskomitee het met die slaghuis onderhandel vir 15%-afslag op die totale aankope.

Gebruik TABEL 7 en die inligting hierbo om die vrae wat volg, te beantwoord.

4.1.1 Bereken die totale bedrag wat die fondsinsamelingskomitee vir die vleisprodukte by die plaaslike slaghuis betaal het. (7)

4.1.2 Die koste van die slaai, sous, papierborde en houtskool is 'n addisionele R850,00.

Bereken die koste van EEN bord kos. (4)

4.1.3 Die wins wat uit die verkoop van 200 borde kos gemaak is, was nie voldoende nie.

Die fondsinsamelingskomitee het steeds 'n tekort van R2 850,00 gehad om die kragopwekker te koop.

Hulle het besluit om aan te hou om borde kos te verkoop om hierdie tekort te dek.

Bepaal, afgerond tot die naaste TIEN, die totale getal borde kos wat hulle moes verkoop om die kragopwekker te kon koop. (6)

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com


4.2 Die fondsinsamelingskomitee wou 'n plakkaat ontwerp wat 'n spesifieke ouderdomsgroep teiken. Hulle het die geskatte bevolkingsverspreiding (as 'n persentasie) per ouderdomsgroep vir verskillende rasgroepe in Suid-Afrika bestudeer.

Die geskatte totale getal Suid-Afrikaners 15 jaar en ouer is 43 378 959.

BYLAE B toon 'n grafiek van die geskatte bevolkingsverspreiding (as 'n persentasie) per ouderdomsgroep vir die verskillende rasgroepe in Suid-Afrika.

Gebruik BYLAE B om die vrae wat volg, te beantwoord.

4.2.1 Skryf die waarskynlikheid (as 'n persentasie) neer om willekeurig 'n wit persoon uit die wit bevolking in die 65+-ouderdomsgroep te kies. (2)

4.2.2 Daar word gegee dat die totale getal mense in die ouderdomsgroep 55–64, 4 052 572 is.

Gee, afgerond tot DRIE desimale plekke, die waarskynlikheid om willekeurig 'n persoon in die ouderdomsgroep 55–64 uit die totale getal Suid-Afrikaners, 15 jaar en ouer, te kies. (4)

4.2.3 Identifiseer watter ouderdomsgroep die fondsinsamelingskomitee vir hierdie fondsinsameling-onderneming moet teiken. Gee 'n rede vir jou antwoord. (3)
**[26]**

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com


**VRAAG 5**

5.1 Malcolm, 'n 65-jarige konsultant, verdien 'n jaarlikse belasbare inkomste van R981 500 vir die 2023/2024-belastingjaar. Hy behoort nie aan 'n mediese fonds nie.

TABEL 8 hieronder toon die belastingtabel vir die 2023/2024-belastingjaar.
TABEL 9 toon die kortings vir verskillende belasting-eindjare.

**TABEL 8: 2023/2024-BELASTINGTABEL (1 MAART 2023 TOT 29 FEBRUARIE 2024)**

| JAARLIKSE BELASBARE INKOMSTE (R) | BELASTINGKOERSE (R) |
|---|---|
| 1–237 100 | 18% van belasbare inkomste |
| 237 101–370 500 | 42 678 + 26% van belasbare inkomste bo 237 100 |
| 370 501–512 800 | 77 362 + 31% van belasbare inkomste bo 370 500 |
| 512 801–673 000 | 121 475 + 36% van belasbare inkomste bo 512 800 |
| 673 001–857 900 | 179 147 + 39% van belasbare inkomste bo 673 000 |
| 857 901–1 817 000 | 251 258 + 41% van belasbare inkomste bo 857 900 |
| 1 817 001 en meer | 644 489 + 45% van belasbare inkomste bo 1 817 000 |

**TABEL 9: KORTINGS VIR VERSKILLENDE BELASTING-EINDJARE**

| PERSOON SE OUDERDOM | KORTING VIR JAAR GEËINDIG OP LAASTE DAG VAN FEBRUARIE | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| | **2024** | **2023** | **2022** | **2021** | **2020** |
| Persoon jonger as 65 | R17 235 | R16 425 | R15 714 | R14 958 | R14 220 |
| Persoon 65 en ouer | R9 444 | R9 000 | R8 613 | R8 199 | R7 794 |
| Persoon 75 en ouer | R3 145 | R2 997 | R2 871 | R2 736 | R2 601 |

[Aangepas uit www.sars.gov.za]

Gebruik die tabelle en die inligting hierbo om die vrae wat volg, te beantwoord.

5.1.1 Noem die totale getal kortings waarvoor Malcolm kwalifiseer. (2)

5.1.2 Bereken Malcolm se maandelikse belasting betaalbaar. (7)

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com


5.2 Malcolm beplan om 'n motorvoertuig te koop. Die kontantprys van die motorvoertuig is R334 000. Hy oorweeg die volgende betalingsopsies om hierdie motorvoertuig tot die waarde van R300 000 te finansier.

OPSIE 1: Motorvoertuiglening sonder 'n reswaarde (ballonpaaiement)
OPSIE 2: Motorvoertuiglening met 'n reswaarde van 20% (ballonpaaiement) Die ballonpaaiement sal die 73ste paaiement wees.
OPSIE 3: Persoonlike lening van die bank

TABEL 10 hieronder toon die verskillende motorvoertuigpaaiement-opsies.

**TABEL 10: MOTORVOERTUIGPAAIEMENT-OPSIES**

| | **OPSIE 1** | **OPSIE 2** | **OPSIE 3** |
|---|---|---|---|
| Rentekoers | 13% | 13% | 17,5% |
| Maandelikse paaiement | R6 115,47 | R5 498,19 | R6 864,00 |
| Saldo uitstaande aan die einde van 72 maande | R0 | 20% van die waarde van die lening | R0 |
| Koste van lening | **X** | R156 494,00 | R194 208 |
| Totaal betaalbaar | R440 313,84 | **Y** | R494 208,00 |
| Leningsperiode | 6 jaar | 73 maande | 6 jaar |

[Aangepas uit www.wesbank.co.za]

Gebruik TABEL 10 en die inligting hierbo om die vrae wat volg, te beantwoord.

5.2.1 Definieer die term *rentekoers* in konteks. (2)

5.2.2 Bepaal die verskil tussen die maandelikse paaiemente van Opsie 1 en Opsie 2. (2)

5.2.3 Bereken ontbrekende waarde **X**.

Jy mag die volgende formule gebruik:

**Koste van lening = Paaiement × aantal maande – lening se waarde** (3)

5.2.4 Bereken ontbrekende waarde **Y**.

Jy mag die volgende formule gebruik:

**Totaal betaalbaar = Paaiemente × aantal maande + ballonpaaiement** (5)

5.2.5 Gee EEN rede hoekom banke meer rente op 'n persoonlike lening in vergelyking met 'n lening vir 'n motorvoertuig hef. (2)


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com


5.3 Malcolm bestudeer ook die neigings in die verkope van hibridiese voertuie.

Die volgende mond-en-snordiagramme som die persentasie verkope van die elektriese voertuie (**E**) en inprop- hibridiese voertuie (**P**) in Suid-Afrika op.

Die volgende mond-en-snordiagramme vir die verkope van die twee tipes voertuie is geteken.




[Aangepas uit www.naamsa.net]

**LET WEL:** 'n Hibridiese voertuig is een wat twee of meer verskillende tipes krag gebruik: 'n binnebrandenjin of 'n elektriese motor wat deur batterye gedryf word.

Gebruik die mond-en-snordiagramme hierbo om die vrae wat volg, te beantwoord.

5.3.1 Skryf die waarde van die onderste kwartiel vir die verkoop van die elektriese voertuie (**E**) neer. (2)

5.3.2 'n Ontleder het beweer dat die interkwartielomvang vir die elektriese voertuie 'n kwart van die interkwartielomvang van die inprop- hibridiese voertuie was.

Verifieer, deur ALLE berekeninge te toon, of die ontleder se bewering GELDIG was of nie. (6)

**[31]**

**TOTAAL: 150**

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com



| SENTRUMNOMMER: | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|

| EKSAMENNOMMER: | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|


**ANTWOORDBLAD**

**VRAAG 3.2**

**TABEL 6B: PERSENTASIES WAT DEUR TWAALF GESELEKTEERDE LEERDERS BEHAAL IS**

| LEERDER | A | B | C | D | E | F | G | H | I | J | K | L |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Taak 1 | 71 | 79 | 80 | 68 | 63 | 53 | 71 | 22 | 76 | 84 | 68 | 88 |
| Taak 2 | 53 | 69 | 53 | 49 | 50 | 47 | 61 | 15 | 47 | 81 | 40 | 64 |

**PERSENTASIES WAT IN KWARTAAL 1 DEUR GESELEKTEERDE LEERDERS VIR TAAK 1 EN TAAK 2 BEHAAL IS**




Downloaded from eduresourceza.com

Kopiereg voorbehou

Downloaded from eduresourceza.com

eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com